

PERSVERKLARING OOR ONDERHANDELINGE TUSSEN SARS EN GEORGANISEERDE ARBEID

22 Mei 2022 - Die leierskap van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het vergader met georganiseerde arbeid, verteenwoordig deur die Nasionale Onderwys, Gesondheid en Verwante Werkersunie (NEHAWU) en die Suid-Afrikaanse Vereniging van Staatsamptenare (PSA), om oplossings te vind vir aangeleenthede waarvoor die unies 'n dispuut verklaar het.

Ons het die leierskap van die twee werkersunies meegedeel dat die huidige eis vir 'n verhoging van VPI + 7% eenvoudig nie haalbaar is nie.

Soos alle regeringsinstansies, word SARS geaffekteer deur die finansiële uitdagings wat die land in die gesig staar. Dit het daartoe gelei dat geen voorsiening vir salarisverhogings deur Nasionale Tesourie se fondsallokering aan SARS gemaak is nie. Deur sy eie ywer in kostebestuur, en ander inisiatiewe, is SARS in staat om bepaalde fondse beskikbaar te stel aan bedingingseenheidwerknemers.

Hierdie fondse kom uit besparings uit verlede jaar (2021/22), asook geprojekteerde besparings vir hierdie jaar (2022/23) wat goedgekeur is jeens personeelkoste. Kommissaris Kieswetter het gesê: "Ek is bly dat ons, onder moeilike omstandighede, effense finansiële verligting aan ons werknemers kan bied. Ek herinner ook ons werknemers dat ons buitengewoon bevoorreg is om werksekuriteit te hê in 'n tyd waar so baie werkloos en finansiëel behoeftig is."

Na afloop van 'n spesiale nasionale bedingingsforum wat op Saterdag 21 Mei 2022 vergader het, is die unies van die werkgewer se aanbod ingelig, waarna hulle met SARS begin skakel het oor verskeie opsies om die beskikbare fondse te allokeer jeens finansiële verligting vir werknemers, en in 'n poging om die dispuut op te los.

SARS het hierdie aanbod amptelik aan georganiseerde arbeid voorgelê op Sondag 22 Mei 2022, as volledige en finale skikking van die dispuut ten opsigte van die salarisverhogingseis vir die 2022/23 inhoudelike loononderhandelinge, op basis van sonder vooroordeel. Die unies sal met hulle lede skakel om 'n mandaat te verkry, waarna die partye weer sal ontmoet om die besprekings voort te sit.

SARS het hom verder daartoe verbind om besprekings voort te sit oor 'n aantal nie-geldelike items wat tussen die partye gedeel is, om die algehele werknemerwaardeproposisie te hersien en te verbeter. Hierdie proses het reeds omtrent die middel van verlede jaar begin.

SARS se leierskap is bly dat die skakeling tussen die partye oor die loondispuut nuwe lewe gegee is en dat dit konstruktief en positief bly. Ons is vol vertroue dat, met hierdie aanbod, ons die huidige dispuut kan oplos en vorentoe beweeg om te fokus op ons belastingpligtiges en die uitvoer van ons belangrike mandaat.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE